# DIE VAKFILOSOFIE (DEEL II): DIE AARD VAN DIE VAKFILOSOFIE

T.H. Veldsman

***ABSTRACT***

*Subject Philosophy is limited to the presuppositions of a discipline. The objective of this article is to discuss the concept "presupposition". The following aspects are covered: the nature of a presupposition; types of presuppositions; the similarities and differences among the types of presuppositions; and the relationship among the types of presuppositions. The implications of the above discussion for the Subject Philosophy are indicated, amongst others, for the relationship between Philosophy and Subject Philosophy.*

In 'n vorige artikel is aangetoon dat die vakfilosofie 'n onderafdeling van die vakwetenskap vorm; handel oor die vakwetenskap se grondbegrippe; in antwoorde op 'wat is?'-vrae ten opsigte van die grondbegrippe belangstel; meer met die formele as die materiële kant van 'n vakwetenskap verband hou en beperk is tot antwoorde wat as voorveronderstellings in die vakwetenskap geld.

Indien die vakfilosofie tot die voorveronderstellings van 'n vakwetenskap beperk is, tree vier vrae na vore:

- Wat is die aard van 'n voorveronderstelling?
- Watter tipes voorveronderstellings kan onderskei word?
- Wat is die onderlinge ooreenkoms en verskil tussen die verskillende tipes voorveronderstellings?
- Watter verhoudings bestaan tussen die verskillende tipes voorveronderstellings?

Antwoorde op hierdie vrae is nodig om te bepaal wat met die begrip 'voorveronderstelling' bedoel word, om watter *tipe* voorveronderstelling dit in die vakfilosofie gaan

en hoe hierdie tipe vooronderstelling met die ander tipes vooronderstellings verband hou.

Die doel van hierdie artikel is om antwoorde op bogenoemde vrae aan te bied, waarna die implikasies van hierdie antwoorde vir die vakfilosofie aangedui word, waaronder die verhouding tussen die filosofie en die vakwetenskap (dit wil sê die vakfilosofie as formele dimensie van die vakwetenskap asook die materiële dimensie van die vakwetenskap).

## DIE AARD VAN VOORVERONDERSTELLINGS

Voorveronderstellings vorm as fundering van die materiële wetenskapsbeoefening die beginsels daarvan. ŉ Voorveronderstelling is as beginsel ŉ fundamentele en normatiewe bepaling wat begrensend ten opsigte van die materiële wetenskapsbeoefening funksioneer (Stoker, 1969):

'fundamenteel' (van die Latyn *fundare* 'om te vestig'), want ŉ voorveronderstelling is as beginsel die grond waarop dit wat volg gefundeer en waarin dit gegrond is, omdat ŉ voorveronderstelling as beginsel dus 'absoluut' geld ten opsigte van die materiële wetenskapsbeoefening en in hierdie sin bo en buite die materiële wetenskapsbeoefening staan[1];

[1] Streng gesproke moet hier van ŉ relatiewe absoluutheid gepraat word, omdat ŉ vakwetenskap slegs ŉ aspek van ŉ konkrete iets as totaliteit bestudeer. Die uitsprake van daardie wetenskap wat die konkrete iets as totaliteit bestudeer, geld absoluut ten opsigte van die vakwetenskap as sodanig en relativeer die absoluutheid van ŉ vakwetenskap se vooronderstellings.

'normatief' (van die Latyn *norma* 'winkelhaak'), want ŉ voorveronderstelling begelei en rig as beginsel die materiële wetenskapsbeoefening eksplisiet of implisiet en dien as eerste en laaste toetssteen van wat in die materiële wetenskapsbeoefening mag;

'begrensend', want ŉ voorveronderstelling skep as beginsel die 'ruimte' waarin die materiële wetenskapsbeoefening sal afspeel en grens materiële wetenskapsbeoefening volgens *hierdie* voorveronderstelling af van materiële wetenskapsbeoefening volgens *daardie* voorveronderstelling.

## TIPES VOORVERONDERSTELLINGS

Die volgende tipes voorveronderstellings kan onderskei word:

- *buitewetenskaplike* voorveronderstellings soos dit in ŉ lewens- en wêreldbeskouing tot uitdrukking kom (Botha, 1979; De Klerk, 1975; Dreyer, 1951; Heyns en Jonker, 1974; Oosthuizen, 1978a; Van Riessen, 1973)[2];

- *binnewetenskaplike* voorveronderstellings, waarvan die volgende tipes gevind word:

  ŉ *algemeen wetenskaplike wêreldbeeld* (Botha, 1977; 1979; Gouldner, 1970; Oosthuizen, 1978a)[3];

[2] Sinonieme terme vir die begrip 'lewens- en wêreldbeskouing' is: *sensus communis* (Linschoten aangehaal deur Scheurs, 1971/2:346 en verder); *wêreldbeskouing* (Lesche, 1973; Oosthuizen, 1978a); *lewensbeskouing* (De Klerk, 1975).

[3] Sinonieme terme vir die begrip 'algemeen wetenskaplike wêreldbeeld' is: *wetenskaplike lewens- en wêreldbeskouing* (Botha, 1979); *hoogste waardes* (De Mey, 1975); *metafisiese paradigma* (*ibid.*); *agtergrondveronderstellings* (Gouldner, 1970); *visie* (Strasser, 1965); *arrière-plan ontologique* (De Waelhens, aangehaal deur Scheurs, 1971/2:536).

'n *vakwetenskaplike wêreldbeeld* (Gouldner, 1970; Kuhn, 1970)[4]
en

*vakwetenskaplike teorieë* (De Mey, 1975; Strasser, 1965; Schwab, 1962)[5].

Elke tipe voorveronderstelling word kortliks omskryf.

Lewens- en wêreldbeskouing

'n Lewens- en wêreldbeskouing is as buitewetenskaplike voorveronderstellingstipe die geheel van fundamentele oortuigings aangaande die oorsprong, wese, sin en bestemming van die werklikheid (De Klerk, 1975; Heyns en Jonker, 1974: Oosthuizen, 1978a; Stoker, 1969; Van der Walt, 1972).

'n Lewens- en wêreldbeskouing is wesenlik menslik, algemeen menslik en primêr sosiaal van aard (Stoker, 1969). Dit bevat 'n bepaalde kennis oor die werklikheid ("Wat weet ek?") en ken 'n bepaalde sin daaraan toe ("Wat behoort ek te doen en wat mag ek hoop?") (Lesche, 1973; Oosthuizen, 1978a).

[4] Sinonieme terme vir die begrip 'vakwetenskaplike wêreldbeeld' is: paradigma (Kuhn, 1970); dissiplinêre matriks (ibid.; Mouton, 1977); gebiedsaannames (Gouldner, 1970); sosiale metafisika (Cornelis, 1973); Weltanschauung (soos gebruik deur Wisdom, 1972); kontrole gelowe (Wolterstorff, 1976); konseptuele strukture (Gangerelli, 1937).

[5] Sinonieme terme vir die begrip 'vakwetenskaplike teorieë' is: postulate (Gouldner, 1970); konseptuele skemas (De Mey, 1975; George, 1970; Schwab, 1962); verwysingsraamwerk (soos gebruik deur Gangerelli, 1937; 1942; Ericksen, 1941); metodiese idee (Strasser, 1965); ingebedde ontologie (Wisdom, 1972); data-agtergrondsgelowe (Wolterstorff, 1976).

Dit word deur ŉ sentrale uitgangspunt gedra, ŉ albeginsel wat die lewens- en wêreldbeskouing as geheel rig, lei, deurstraal en tot ŉ eenheid saambind. Hierdie sentrale uitgangspunt is die moedergedagte van die lewens- en wêreldbeskouing, omdat vanuit hierdie sentrum al die oortuigings wat in die lewens- en wêreldbeskouing vervat is, gebore en gevoed word. Hierdie moedergedagte is die godsbegrip van elke lewens- en wêreldbeskouing soos dit in die religieuse grondmotief daarvan tot uiting kom (Dooyeweerd, 1972; De Klerk, 1975; Strauss, 1967; sonder jaartal).[6] [7] [8]

6 Dooyeweerd (1969, I:61 en verder; 1972) onderskei histories die volgende religieuse grondmotiewe:

- Griekse: vorm en materie;
- Bybelse: skepping, sondeval, verlossing en herskepping deur Jesus Christus;
- Roomse: natuur en genade, en
- Modern humanistiese: natuur en vryheid.

Al die bogenoemde grondmotiewe, behalwe die Bybelse, verkeer volgens Dooyeweerd in ŉ innerlik dialektiese spanningsverhouding omdat die verabsolutering van een pool (byvoorbeeld vorm) noodwendig die ander pool (byvoorbeeld materie) van ŉ grondmotief as teenreaksie oproep.

7 Ander aspekte betreffende die begrip 'lewens- en wêreldbeskouing (LWB) is: die rol van die subjek in die ontwikkeling van ŉ LWB (Oosthuizen, 1978a); die lewensloop en verandering van ŉ LWB (ibid.); wyses om ŉ LWB te interpreteer en metodes om dit te bestudeer (Oosthuizen, 1978b) en wyses om LWB's te klassifiseer (De Klerk, 1975:19 en verder; Van der Walt, 1972). ŉ Bespreking van hierdie sake is in die onderhawige geval nie nodig nie.

8 In die W.d.W. word ook na die Archimedespunt as ŉ tipe buite-wetenskaplike voorveronderstelling verwys. Die Archimedespunt is ŉ aanname wat gemaak word oor die grond van die samehang van die verskeidenheid wat (vervolg op bladsy 300)

Algemeen wetenskaplike wêreldbeeld

Die algemeen wetenskaplike wêreldbeeld is as binnewetenskaplike voorveronderstellingstipe die geheel van *wetenskaplike* oortuigings aangaande die werklikheid as *wetenskaplik kenbare* totaliteit (Botha, 1977; 1979; De Klerk, 1975; Dreyer, 1951; Oosthuizen, 1978a).

'n Algemeen wetenskaplike wêreldbeeld is wesenlik wetenskaplik, algemeen wetenskaplik en primêr sosiaal van aard. Dit bevat 'n bepaalde kennis oor die werklikheid as *kenbare totaliteit* en ken 'n bepaalde sin daaraan toe. 'n Algemeen wetenskaplike wêreldbeeld word ook deur die een of ander sentrale uitgangspunt, albeginsel of moedergedagte gedra.[9]

Vakwetenskaplike wêreldbeeld

Die vakwetenskaplike wêreldbeeld is as binnewetenskaplike voorveronderstellingstipe die geheel van antwoorde wat op die "wat is?"-vrae ten opsigte van die vakwetenskap se grondbegrippe gegee word, dit wil sê, die infrastruktuur,

(vervolg van bladsy 299)
in die werklikheid aangetref word (Dooyeweerd, 1969, I:3 en verder; Strauss, 1967; sonder jaartal; Van Riessen, 1970:109 en verder).

9 In die W.d.W. word hierdie sentrale uitgangspunt, albeginsel of moedergedagte die transendentale grondidee, wysgerige grondidee of wetsidee genoem wat uit 'n drie-eenheid van drie transendentale idees saamgestel is. Die drie transendentale idees handel oor die samehang, totaliteit en oorsprong van die werklikheid (ook genoem grondprobleme). 'n Transendentale grondidee spruit uit 'n religieuse grondmotief en Archimedespunt voort (Dooyeweerd, 1962; 1969, I:34 en verder; Strauss, sonder jaartal; Van Riessen, 1970:109 en verder).

geraamte of verwysingsraamwerk van 'n vakwetenskap.[10] Die vakwetenskaplike wêreldbeeld verwys dus na die formele kant van 'n vakwetenskap.

Die vakwetenskaplike wêreldbeeld is wesenlik *vak*wetenskaplik, algemeen *vak*wetenskaplik en primêr sosiaal van aard. Dit bevat 'n bepaalde kennis oor die *vak*wetenskaplik kenbare en ken 'n bepaalde sin daaraan toe. Die vakwetenskaplike wêreldbeeld word ook deur die een of ander sentrale uitgangspunt, albeginsel of moedergedagte gedra wat in die gronddenkbeelde toegeken aan die grondbegrippe van die vakwetenskap tot uiting kom.

**Vakwetenskaplike teorieë**

Vakwetenskaplike teorieë val as binnewetenskaplike voorveronderstellingstipe in die gebied van die materiële wetenskapsbeoefening. 'n Vakwetenskaplike teorie is 'n nog te bewese georganiseerde geheel van stellings wat 'n verduideliking wil bied vir 'n bepaalde iets (of groep ietse) in die veld van die materiële wetenskapsbeoefening (Berelson en Steiner, 1967:159; Hall en Lindsey, 1970:11; Kerlinger, 1974:65; Madsen, 1968;48; Van Kraam, 1969:113).

[10] Die grondbegrippe van 'n wetenskap bevat op hulle beurt weer verskillende tipes voorveronderstellings, afhangend van wat die grondbegrippe van die vakwetenskap is. So sal die grondbegrip 'wetenskap' byvoorbeeld die volgende tipes voorveronderstellings kan bevat: ensiklopediese (Botha, 1979); metodologiese (*ibid*. Kuhn, 1970); sosiologiese (De Mey, 1976; Kuhn, 1970); kenteoretiese (Cornelis, 1973) en waardeteoretiese (*ibid*.).

TABEL 1

**ONDERLINGE VERGELYKING VAN VOORVERONDERSTELLINGSTIPES**

| Dimensie | Voorveronderstellingstipe | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Lewens- en wêreld-beskouing | Algemeen wetenskaplike wêreldbeeld | Vakweten-skaplike wêreldbeeld | Vakweten-skaplike teorieë |
| Fundamentaliteit | Hoog | Hoog | Medium | Laag |
| Omvattendheid | Hoog | Hoog | Medium | Laag |
| Standhoudendheid | Hoog | Hoog | Medium | Laag |
| Integrasie | Laag | Medium | Medium | Hoog |
| Uitdruklikheid | Laag | Medium | Medium | Hoog |

## 3. 'N VERGELYKING VAN DIE VERSKILLENDE TIPES VOORVERONDERSTELLINGS

Bogenoemde tipes voorveronderstellings kan op ŉ aantal dimensies vergelyk word, wat hulle onderlinge ooreenkoms en verskil belig. Die verskillende tipes voorveronderstellings word *relatief tot mekaar* vergelyk. Tabel 1 gee hierdie onderlinge vergelyking.

Tabel 1 toon dat twee groepe dimensies op grond van die waarderinge onderskei kan word, naamlik die dimensies 'fundamentaliteit', 'omvattendheid' en 'standhoudendheid' *enersyds* en die dimensies 'integrasie' en 'uitdruklikheid' *andersyds*. Die waarderings van eersgenoemde groep dimensies loop van 'hoog' na 'laag', terwyl laasgenoemde groep dimensies se waarderings, omgekeerd tot eersgenoemde groep, van 'laag' na 'hoog' loop. Elke groep word kortliks afsonderlik bespreek.

- Die fundamentaliteit, omvattendheid en standhoudendheid van die onderskeie voorveronderstellingstipes neem af soos van 'lewens- en wêreldbeskouing' na 'vakwetenskaplike teorieë' beweeg word. Die afname in fundamentaliteit en omvattendheid is omdat, soos van 'lewens- en wêreldbeskouing' na 'vakwetenskaplike teorieë' beweeg word, daar minder uitsprake oor finale of grondsake en uitsprake oor ŉ 'kleiner' werklikheid gemaak word. Op sy beurt hou die dimensie 'standhoudendheid' regstreeks met eersgenoemde twee dimensies verband: hoe fundamenteler en omvattender ŉ voorveronderstellingstipe is, hoe moeiliker veranderbaar is die besondere voorveronderstellingstipe. Hierdie drie dimensies impliseer ook ŉ bepaalde orde ten opsigte van die verskillende voorveronderstellingstipes, naamlik 'lewens- en wêreldbeskouing', 'algemeen wetenskaplike wêreldbeeld', 'vakwetenskaplike wêreldbeeld' en 'vakwetenskaplike teorieë'. Hiermee word geensins ŉ bepaalde verhouding (of verhoudinge) tussen die onderskeie voorveronderstel-

lingstipes geïmpliseer nie - 'n saak wat in die volgende afdeling aangeroer sal word.

- Die integrasie en uitdruklikheid van die onderskeie voorveronderstellingstipes neem toe soos van 'lewens- en wêreldbeskouing' na 'vakwetenskaplike teorieë' beweeg word. Hierdie toename in integrasie en uitdruklikheid kan toegeskryf word aan die toename in verwetenskapliking wat plaasvind soos van eersgenoemde na laasgenoemde voorveronderstellingstipe beweeg word. Integrasie en uitdruklikheid hoort wesenlik tot die wetenskap en vind sy hoogste uiting in materiële wetenskapsbeoefening. Vakwetenskaplike teorieë val reeds in die gebied van materiële wetenskapsbeoefening. Indien 'algemeen wetenskaplike wêreldbeeld' en 'vakwetenskaplike wêreldbeeld' as sodanig tot studievoorwerpe gemaak word, sal hulle integrasie en uitdruklikheid op dieselfde vlak wees as dié van 'vakwetenskaplike teorieë'. Eersgenoemde twee voorveronderstellingstipes word egter dan tot die materiële kant van die wetenskap wat hulle bestudeer, gereken. Die voorveronderstellings van sodanige wetenskap is dan op sy beurt weer minder geïntegreerd en uitdruklik.

## DIE VERHOUDINGS TUSSEN DIE VERSKILLENDE TIPES VOORVERONDERSTELLINGS

Die soorte verhoudings tussen voorveronderstellingstipes, verhoudingsmodelle gegrond op bogenoemde verhoudingstipes en die sterkte van verhoudings vra vervolgens aandag.

### Soorte verhoudings tussen voorveronderstellingstipes

Twee soorte verhoudings kan tussen die verskillende voorveronderstellingstipes onderskei word, naamlik funderings- en terugvoeringsverhoudings.

'n Funderingsverhouding bestaan wanneer een voorveronderstellingstipe 'n ander voorveronderstellingstipe fundeer, normeer

en begrens, met ander woorde wanneer een tipe as *voorveronderstelling* van 'n ander tipe geld. Gegewe die bogenoemde orde van voorveronderstellingstipes sal 'lewens- en wêreldbeskouing' byvoorbeeld 'algemeen wetenskaplike wêreldbeeld' fundeer. Die funderende voorveronderstellingstipe (byvoorbeeld 'lewens- en wêreldbeskouing') spesifiseer oor watter sake die daarin gefundeerde voorveronderstellingstipe (byvoorbeeld 'algemeen wetenskaplike wêreldbeeld') mag handel, asook die moontlike alternatiewe voorveronderstellings wat ten opsigte van elke saak geïdentifiseer kan word.

Indien die gefundeerde voorveronderstellingstipe (byvoorbeeld 'algemeen wetenskaplike wêreldbeeld') weer op sy beurt 'n ander voorveronderstellingstipe (byvoorbeeld 'vakwetenskaplike wêreldbeeld') fundeer, word die gekose alternatiewe van eersgenoemde die sake (met hulle gepaardgaande alternatiewe voorveronderstellings) waaroor laasgenoemde mag en kan handel. Dit wil sê dat elke funderende voorveronderstellingstipe bepaalde moontlikhede vir die daarin gefundeerde voorveronderstellingstipe skep maar ewe-eens ander moontlikhede uitsluit.[11] Twee groepe wetenskaplikes kan gevolglik dieselfde voorveronderstellingstipe *inhoudelik* huldig (byvoorbeeld dieselfde lewens- en wêreldbeskouing), maar die daarin gefundeerde voorveronderstellingstipe kan *inhoudelik* verskillende gestaltes besit (byvoorbeeld verskillende algemeen wetenskaplike wêreldbeelde). Die alternatiewe van die sake wat in die funderende voorveronderstellingstipe ingesluit is, bied hierdie 'beweegruimte' vir die gefundeerde voorveronderstellingstipe. Hoe fundamenteler 'n voorveronderstellingstipe is (kyk tabel 1), hoe groter is die kanse dat die daarin gefundeerde voorveronderstellingstipe inhoudelik verskillende gestaltes kan aanneem.

Indien 'n funderingsverhouding tussen twee of meer voorveronderstellingstipes bestaan, kan die gefundeerde voorveronderstellingstipe inhoudelik in terme van die funderende voorveronderstellingstipe geregverdig word (Van Laer, 1963). Die finaal funderende voorveronderstellingstipe kan hom inhoudelik

[11] In die (eksistensieel) fenomenologiese kenleer word hierdie saak 'perspektivisme' genoem; kyk byvoorbeeld Giorgi (1970) en Luijpen (1972).

egter op geen ander voorveronderstellingstipe beroep nie en moet noodwendig na sy albeginsel of moedergedagte appelleer.[12]

Gegewe bostaande orde tussen die voorveronderstellingstipes bestaan ŉ terugvoeringsverhouding wanneer ŉ 'latere' voorveronderstellingstipe (byvoorbeeld 'vakwetenskaplike teorieë') ŉ 'vroeëre' voorveronderstellingstipe (byvoorbeeld 'vakwetenskaplike wêreldbeeld') inhoudelik (hetsy ten opsigte van sake, hetsy ten opsigte van alternatiewe) beïnvloed (Belaief, 1977). Sodanige beïnvloeding sal plaasvind as gevolg van anomalieë (Kuhn, 1970) wat deur die latere voorveronderstellingstipe gevind word en inhoudelik nie in terme van die vroeëre voorveronderstellingstipe verreken kan word nie (Agassi, 1964). Indien die analomieë so in aantal en omvang toeneem, kan die vroeëre voorveronderstellingstipe inhoudelik geheel en al vervang word, dit wil sê ŉ revolusie vind plaas (Kuhn, 1970). Na hierdie revolusie sal die vroeëre voorveronderstellingstipe oor 'ander' sake (met hulle gepaardgaande alternatiewe) handel. Die 'ander' sake kan egter ook sake van die vervangde voorveronderstellingstipe insluit.

Indien ŉ terugvoeringsverhouding tussen die vroeëre voorveronderstellingstipe (in hierdie geval 'vakwetenskaplike wêreldbeeld') en nog ŉ voorveronderstellingstipe erken

[12] Ander regverdigingswyses vir voorveronderstellings word ook voorgestel, naamlik regverdiging in terme van die kenbare; in terme van die logiese reëls van korrekte denke; in terme van ŉ besondere sosiale situasie (Cornelis, 1973) en in terme van ŉ onderlinge vergelyking van verskillende gestaltes van dieselfde voorveronderstellingstipe (Hoefnagels, 1967). Cornelis (1973) wys ook op problematiek verbonde aan eersgenoemde drie regverdigingswyses.

word, sal die aanpassings of revolusie in eersgenoemde ook aanpassings of 'n revolusie in laasgenoemde tot gevolg hê.

Die mate van invloed wat 'n latere voorveronderstellingstipe op 'n vroeëre het, is 'n funksie van die dimensie 'fundamentaliteit': hoe minder fundamenteel 'n latere voorveronderstellingstipe is, hoe groter moet die wysiging daarin wees om 'n meer fundamentele voorveronderstellingstipe te beïnvloed.


Samevattend: in die orde van vroeëre en latere voorveronderstellingstipes tree 'n funderingsverhouding regulatief en 'n terugvoeringsverhouding korrektief op.


**Verhoudingsmodelle van die voorveronderstellingstipes**

Gegewe bostaande orde tussen die verskillende voorveronderstellingstipes en bogenoemde twee soorte verhoudings kan die volgende verhoudingsmodelle ten opsigte van voorveronderstellingstipes onderskei word, naamlik geen of beperkte, reglynig (voorwaartse of terugwaartse), parallelle en sirkelvormige verhoudingsmodelle.

Figure 1 tot 5 illustreer hierdie verhoudingsmodelle. 'n Ononderbroke en gebroke lyn dui onderskeidelik funderings- en terugvoeringsverhoudings aan.

FIGUUR 1
GEEN OF BEPERKTE VERHOUDINGSMODELLE VAN VOORVERONDERSTELLINGSTIPES








Die verhoudingsmodelle gegee in figuur 1 is in wese die ontkenning van een of meer voorveronderstellingstipes. 'n Gekruiste voorveronderstellingstipe dui die ontkende voorveronderstellingstipe aan.

Die geenverhoudingsmodel word byvoorbeeld voorgestaan deur die (negentiende-eeuse) positivisme (volgens Belaief, 1977; Botha, 1976a; Strauss, 1967); die fundamentalisme (volgens Wolterstorff, 1976) en teoretiese sielkunde geskoei op die logies positivistiese lees (byvoorbeeld Bergmann, 1940; 1951; 1953). Die beperkteverhoudingsmodel word voorgestaan deur byvoorbeeld Linschoten (beskryf in: Scheurs, 1971-1972).


FIGUUR 2
REGLYNIGE (VOORWAARTSE) VERHOUDINGSMODEL VAN VOORVERONDERSTELLINGSTIPES






Die reglynige (voorwaartse) verhoudingsmodel gegee in figuur 2 word ook die onderbou-boweboumodel genoem (Botha, 1976; 1977; Scheurs, 1971/2). Voorstanders van hierdie model is byvoorbeeld Augustinus en Calvyn (volgens Wolterstorff, 1976); Conradie (1979); Cornelis (1973); Dooyeweerd (1969, I:84 en verder); Du Plessis (1963); George (1970); Kantor (1973); Oosthuizen (1978a); Roem (1952:4 en verder); Strauss (1940); Strauss (1967; 1979a; sonder jaartal); Swart (1969); Van Kraam (1958); Viteles (1932:26).


FIGUUR 3
REGLYNIGE (TERUGWAARTSE) VERHOUDINGSMODEL VAN VOORVERONDERSTELLINGSTIPES




Verhoudingsmodel gegee in figuur 3 word byvoorbeeld voorgestaan deur diegene wat hulle Christelike lewens- en wêreldbeskouing voortdurend by wetenskaplike bevindinge wil aanpas (volgens Wolterstorff, 1976); C.D. Broad (volgens Belaief, 1977); Hoefnagels (1967); Williams James (aldus Belaief, 1977).

FIGUUR 4


PARALLELLEVERHOUDINGSMODEL VAN VOORVERONDER-STELLINGSTIPES




Thomas van Aquino (volgens Wolterstorff, 1976) is 'n voorstander van die parallelleverhoudingsmodel gegee in figuur 4.

FIGUUR 5

SIRKELVERHOUDINGSMODEL VAN VOORVERONDERSTELLINGSTIPES




Die verhoudingsmodel gegee in figuur 5 is basies 'n kombinasie van die voorwaarts en terugwaarts reglynige verhoudingsmodelle, met die verskil dat die funderingsverhouding van laasgenoemde model in 'n terugvoeringsverhouding verander is. Voorstanders van hierdie model is byvoorbeeld Agassi (1964); Belaief (1977); Botha (1971, 1976b; 1977);

De Klerk (1975); Dreyer (1951); Hart (1951); Heyns en Jonker (1974); Lesche (1973); Scheurs (1971/2); Treuheit (1977); Vossen (sonder jaartal).

Die volgende kritiese opmerkinge kan met betrekking tot bogenoemde verhoudingsmodelle geopper word:

- Die geen- of beperkteverhoudingsmodelle (figuur 1) berus op die mite van 'n voorveronderstellingslose wetenskap wat deur die Historiese, Kritiese (of Frankfurt-) Skool en die voorstanders van 'n Christelik Calvinistiese wetenskapsbeskouing ontmasker is (Botha, 1976a; Du Plessis, 1979; Van den Enden, 1976).

- Die reglynige (voorwaartse) verhoudingsmodel (figuur 2) se gebrek is dat dit ontken dat die binnewetenskaplike voorveronderstellingstipes enige invloed op buitewetenskaplike voorveronderstellings het. Die gevaar van hierdie model is dat 'n 'fout' in 'n vroeëre voorveronderstellingstipe nie deur latere voorveronderstellingstipes verbeter kan word nie. Die latere voorveronderstellingstipes staan onder die tirannie van vroeëre voorveronderstellingstipes en het geen insprake by laasgenoemde nie.

- Die reglynige (terugwaartse) verhoudingsmodel (figuur 3) oordryf weer die invloed van latere voorveronderstellingstipes op vroeëre voorveronderstellingstipes deur pleks van 'n terugvoeringsverhouding 'n funderingsverhouding tussen die latere en vroeëre voorveronderstellingstipes te stel. Hierdeur word die fundamenteler, omvattender en standhoudender aard van die vroeëre voorveronderstellingstipes ontken. 'n Vroeëre voorveronderstellingstipes 'skep' tog die moontlikhede vir 'n latere voorveronderstellingstipe. 'n Latere voorveronderstellingstipe kan nie 'n vroeëre voorveronderstellingstipe skep as eersgenoemde laasgenoemde voorveronderstel nie. Dit is 'n logiese teëspraak.


- Die parallelleverhoudingsmodel (figuur 4) met sy funderingsverhoudings erken afsonderlike en onafhanklike voorveronderstellingstipes wat per implikasie uitsprake lewer oor afsonderlike en onafhanklike werklikhede. Die uitsprake oor hierdie afsonderlike en onafhanklike werklikhede vul mekaar aan en fundeer gesamentlik 'n latere voorveronderstellingstipe. Hierdeur word die orde gegee deur die dimensies 'fundamentaliteit', 'omvattendheid' en 'standhoudendheid' ontken. Die sogenaamde afsonderlike en onafhanklike voorveronderstellingstipes beïnvloed mekaar wel egter soos heel tereg in die reglynige (voorwaartse en terugwaartse) verhoudingsmodelle aangetoon word.

- Die sirkelverhoudingsmodel (figuur 5) se sterkte lê in die erkenning van beide funderings- en terugvoeringsverhoudinge tussen die voorveronderstellingstipes. Hierdeur word beide die verdienstelikhede van die reglynige verhoudingsmodelle benut en hulle swakhede oorkom. Die gebrek van hierdie verhoudingsmodel is egter dat dit nie voorsiening maak vir die feit dat die voorveronderstellingstipes 'lewens- en wêreldbeskouing' en 'algemeen wetenskaplike wêreldbeeld' inhoudelik dieselfde werklikheid bestryk nie. Dit word deur 'n vergelyking van die twee voorveronderstellingstipes se waarderings aan die dimensies 'fundamentaliteit' en 'omvattendheid' getoon wat dieselfde is (kyk tabel 1). Anders, gestel: 'n algemeen wetenskaplike wêreldbeeld probeer wetenskaplik verreken wat 'n lewens- en wêreldbeskouing voorwetenskaplik gee.

In die lig van bogenoemde kritiese opmerkinge word 'n sisteemverhoudingsmodel van voorveronderstellingstipes voorgestel. Figuur 6 lig hierdie verhoudingsmodel toe.

FIGUUR 6

SISTEEMVERHOUDINGSMODEL VAN VOORVERONDERSTELLINGSTIPES




Bostaande sisteemverhoudingsmodel (figuur 6) verbind die onderskeie voorveronderstellingstipes soos volg:

- lewens- en wêreldbeskouing en algemeen wetenskaplike wêreldbeeld word deur funderings- en terugvoeringsverhouding verbind en parallel geplaas - 'parallel', omdat hulle dieselfde werklikheid bestryk, al is dit op verskillende wyses. ŉ Lewens- en wêreldbeskouing fundeer egter ŉ algemeen wetenskaplike wêreldbeeld omdat die voorwetenskaplike houding die wetenskaplike houding voorveronderstel. Die terugvoeringsverhouding weerspieël die toenemende verwetenskapliking van die lewens- en wêreldbeskouing vanweë (vak-)wetenskaplike bevinding en die verrekening daarvan in terme van ŉ algemeen wetenskaplike wêreldbeeld.

- Vakwetenskaplike wêreldbeeld, lewens- en wêreldbeskouing en algemeen wetenskaplike wêreldbeeld word deur funderings- en terugvoeringsverhoudinge verbind. ŉ Vakwetenskaplike wêreldbeeld voorveronderstel beide ŉ lewens- en wêreldbeskouing en ŉ algemeen wetenskaplike wêreldbeeld, wat albei ŉ regstreekse invloed op die vakwetenskaplike wêreldbeeld het. Omgekeerd beïnvloed ŉ vakwetenskaplike wêreldbeeld in ŉ mindere of meerdere mate die lewens- en wêreldbeskouing en algemeen wetenskaplike wêreldbeeld, afhangende

van die aantal en omvang van anomalieë wat die vakwetenskaplike wêreldbeeld in laasgenoemde twee voorveronderstellingstipes identifiseer.

- Vakwetenskaplike wêreldbeeld en vakwetenskaplike teorieë word deur funderings- en terugvoeringsverhoudings verbind. Die fundering van die materiële wetenskapsbeoefening (vakwetenskaplike teorieë) deur die formele kant van die vakwetenskap (sy infrastruktuur: vakwetenskaplike wêreldbeeld) is reeds in die vorige artikel gestel. Omgekeerd beïnvloed vakwetenskaplike teorieë hulle funderende vakwetenskaplike wêreldbeeld op grond van die anomalieë wat dit in sodanige beeld teëkom.

**Die sterkte van verhoudings tussen die voorveronderstellingstipes**

Die sterkte van die funderings- en terugvoeringsverhoudings tussen die voorveronderstellingstipes is 'n funksie van:

- die konsekwente fundering van 'n latere voorveronderstellingstipe se inhoud in 'n vroeëre voorveronderstellingstipe se inhoud en

- die mate waarin die funderings- en terugvoeringsverhoudings tussen die onderskeie voorveronderstellingstipes se inhoude tydens wetenskaplike skoling benadruk word. Gewoonlik word in vakwetenskaplike skoling slegs op vakwetenskaplike teorieë en die daarmee gepaardgaande materiële wetenskapsbeoefening klem gelê (Alberts, 1974; Botha, 1971; 1977; 1979). Sodoende word sommige verhoudings gekortsluit en sekere voorveronderstellingstipe inhoudelik in kompartemente afgesonder. Gevolglik kan 'n wetenskaplike gevind word wat byvoorbeeld 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing besit maar 'n onchristelike vakwetenskaplike wêreldbeeld en onchristelike teorieë onderskryf.

Die implikasies van bostaande antwoorde vir die vakfilosofie

Die implikasies vir die vakfilosofie van bostaande bespreking oor die aard van voorveronderstellings, die identifikasie van verskillende voorveronderstellingstipes, die onderlinge ooreenkoms en verskil tussen hierdie voorveronderstellingstipes en die verhoudings wat tussen hulle bestaan, is die volgende:

- Die voorveronderstellings waarom dit in die vakfilosofie gaan, het 'n fundamentele, normatiewe en begrensende aard.

- Die vakfilosofie handel oor die voorveronderstellingstipe 'vakwetenskaplike wêreldbeeld'.

- Hierdie voorveronderstellingstipe van die vakfilosofie lê tussen die voorveronderstellingstipes 'lewens- en wêreldbeskouing' en 'algemeen wetenskaplike wêreldbeeld' *enersyds* en 'vakwetenskaplike teorieë' *andersyds* in terme van sy waarderings betreffende die dimensies 'fundamentaliteit', 'omvattendheid', 'standhoudendheid', 'integrasie' en 'uitdruklikheid'. In die orde van voorveronderstellingstipe, soos gegee deur eersgenoemde drie dimensies, neem hierdie voorveronderstellingstipe dieselfde tussenposisie in.

- Die vakwetenskaplike wêreldbeeld waaroor die vakfilosofie handel, besit in die voorgestelde sisteemverhoudingsmodel (figuur 6) funderings- en terugvoeringsverhoudings met die ander voorveronderstellingstipes. Dit neem 'n 'middel'-posisie in tussen die voorveronderstellingstipes 'lewens- en wêreldbeskouing' en 'algemeen wetenskaplike wêreldbeeld' *enersyds* en 'vakwetenskaplike teorieë' *andersyds*.

## DIE VAKFILOSOFIE ONDERSOEK ANTWOORDE WAT GEGEE WORD OF GEGEE BEHOORT TE WORD

Die vakfilosofie ondersoek beide antwoorde wat op die

'wat is?'-vrae gegee word of gegee behoort te word. Hierdie status van die antwoorde ('is' of 'behoort') spruit voort uit dié onderlinge verhouding tussen die voorveronderstellingstipes en daarmee saam die verhouding tussen filosofie, vakfilosofie as formele vakwetenskap en materiële vakwetenskap.

Filosofie as totaliteitswetenskap stel 'wat is?'-vrae betreffende die kosmos as totaliteit en die verskeidenheid en samehang van die totaliteite (stof, plant, dier, mens) waaruit die kosmos bestaan, soos belig vanuit die een of ander religieuse grondmotief (Botha, 1977; Stoker, 1970; Strauss, sonder jaartal; 1979a; 1979b). Filosofie wil dus tot ŉ algemeen wetenskaplike wêreldbeeld kom deur wetenskaplik te verreken wat in ŉ lewens- en wêreldbeskouing voorwetenskaplik gegee word (Van der Walt, 1972). Die sisteemverhoudingsmodel gee dienooreenkomstig ŉ funderingsverhouding tussen die twee bogenoemde voorveronderstellingstipes.

Vakfilosofie stel as formele dimensie van ŉ vakwetenskap belang in die antwoorde wat op die 'wat is?'-vrae betreffende die grondbegrippe van die vakwetenskap gegee word, soos dit in die vakwetenskaplike wêreldbeeld tot uiting kom. Die grondbegrippe vorm as totaliteite van ŉ vakwetenskap op hulle beurt 'aspekte' van die totaliteite wat deur die Filosofie bestudeer word. Hierdie verwantskap word deur die funderingsverhouding tussen die algemeen wetenskaplike wêreldbeeld en vakwetenskaplike wêreldbeeld in die sisteemverhoudingsmodel getoon.

Die materiële dimensie van die vakwetenskap bestudeer aspekte van die vakwetenskaplike totaliteite, die grondbegrippe, aan die hand van vakwetenskaplike toerieë. Daarom bestaan daar ŉ funderingsverhouding tussen vakwetenskaplike wêreldbeeld en teorieë in die sisteemverhoudingsmodel.

Bostaande impliseer dat vakfilosofie (gerig op die voorveronderstellingstipe 'vakwetenskaplike wêreldbeeld') ŉ posisie

tussen Filosofie (gerig op 'algemeen wetenskaplike wêreldbeeld') en die materiële wetenskapsbeoefening (met onder andere sy vakwetenskaplike teorieë) inneem.

Hierdie 'tussenin'-posisie maak dit vir die vakfilosofie moontlik om *enersyds* ten opsigte van die materiële wetenskapsbeoefening die antwoorde te bepaal wat op die 'wat is?'-vrae *gegee is; andersyds* om vanuit ŉ bepaalde algemeen wetenskaplike (gegee in die Filosofie) of vakwetenskaplike wêreldbeeld (gegee in die vakfilosofie) aan te toon watter antwoorde op die 'wat is?'-vrae *gegee behoort te word.*

Die ondersoek deur die vakfilosofie van antwoorde wat gegee word en gegee behoort te word, is ŉ voorafskaduwing van die taak van die vakfilosofie.

Hoedanig opgeleide persoon moet as vakfilosoof optree? Drie antwoorde word op hierdie vraag gegee (Botha 1979; Kuypers, 1966): die (materiële) vakwetenskaplike self, wat midde-in die vakwetenskap werksaam is (byvoorbeeld Duijker, 1971/2); die filosoof, omdat hy op hoogte is van die algemeen wysgerige problematiek (Husserl, volgens Kuypers, 1966) of spesiaal opgeleide vakfilosowe wat in beide die (materiële) vakwetenskap en filosofie geskool is (Botha, 1979; Kuypers, 1966).

Die antwoord wat gegee word, is in sekere sin afhanklik van die verhoudingsmodel van voorveronderstellingstipes wat onderskryf word. ŉ Ondersteuner van die reglynig (voorwaartse) of parallelle model behoort redeliker te antwoord: "Die filosoof"; ŉ ondersteuner van die reglynige (terugwaartse) model: "Die vakwetenskaplike", en ŉ ondersteuner van die sirkel- of sisteemmodel: "Spesiaal opgeleide vakfilosowe".

## SLOT

Vakfilosofie is tot die voorveronderstellings waarop die

materiële wetenskapsbeoefening berus, beperk. 'n Voorveronderstelling is as beginsel 'n fundamentele en normatiewe bepaling wat begrensend ten opsigte van die materiële wetenskapsbeoefening funksioneer. Die vakfilosofie bestudeer die voorveronderstellings vervat in die vakwetenskaplike wêreldbeeld wat die infrastruktuur, geraamte of verwysingsraamwerk van die vakwetenskap vorm. Hierdie voorveronderstellingstipe neem 'n middelposisie tussen die voorveronderstellingstipes 'lewens- en wêreldbeskouing' (bestudeer deur die filosofie) *enersyds* en die voorveronderstellingstipe 'vakwetenskaplike teorieë' (geformuleer tydens die materiële wetenskapsbeoefening) *andersyds*. 'n Sisteemverhoudingsmodel is voorgestel wat die verhoudings tussen bogenoemde voorveronderstellingstipes weergee.

Hiermee is die bespreking oor die aard van die vakfilosofie afgesluit. Die laaste artikel in die reeks sal die taak van die vakfilosofie aansny.